

OUER GEDRAGSKODE:

DOEL

Die doel van die beleid is om ouers in te lig van watter gedrag aanvaarbaar is en watter gedrag onaanvaarbaar is vir ouers by Tiertjie Kleuterskool, dus REG VAN TOEGANG VOORBEHOU.

BESKRYWING:

Ouers, personeel en ingeskrewe leerders van Tiertjie Kleuterskool moet besef dat hul vaandeldraers is van die skool se goeie naam en te alle tye in die belang van NG Gemeente Tygerpoort moet optree en die skool se belange eerste stel.

1. Dit bly die verantwoordelikheid van 'n ouer om die nuusbrief, wat aan die begin van elke kwartaal uitgestuur word, te lees en 'n ingeligte ouer te wees.
2. Indien 'n ouer nie met 'n personeellid saamstem oor 'n saak nie, moet die ouer 'n afspraak met die betrokke onderwyseres maak en die saak op 'n volwasse manier uitsorteer, sodat betrokke partye mekaar te alle tye kan respekteer.
3. Ouers mag nie onderlangs met ander ouers die saak of insident bespreek en sodoende ander ouers negatief beïnvloed nie. Ons hanteer alle insidente as konfidensieël.
4. Ouers moet waak daarteen om mekaar negatief te beïnvloed en eerder poog om mekaar positief te ondersteun oor ons kleuterskool se pogings.
5. Ouers mag skriftelik deur middel van 'n e-pos of brief 'n klagte/navraag rig aan die hoof of onderwyseres. Die skool versoek dat alle klagtes/navrae op skrif geskied en ook dat dit nie anoniem geskied nie. Ons wil graag ons volle aandag daaraan gee en dat dit nie moontlik gaan wees sou dit nie op skrif of anoniem geskied nie.
6. Indien 'n probleem nie opgelos kan word nie sal die voorsitter van die Kerkraad en die Hoof-Predikant saam met die betrokke onderwyser en hoof van Tiertjiekleuterskool, die aangeleentheid hanteer.

OPTREDE TEENOR PERSONEEL EN KLEUTERS/LEERDERS VAN TIERTJIEKLEUTERSKOO EN NASKOOLSENTRUM

1. Ouers moet daarop let dat personeellede ook 'n lewe buite die skool het en dat hul privaatheid na ure te alle tye gerespekteer moet word.
2. Ouers mag besluite van personeel bevraagteken. Dit is wel belangrik dat ouers en personeel nie in argumente voor leerders of enige ander ouer betrokke sal raak nie.
3. Afsprake moet gemaak word indien u 'n onderwyser wil spreek.
4. Geen onderwyseres mag alleen in 'n gesprek tree met 'n ouer indien gedrag rakende die dissiplinêre kode aangespreek word nie.
5. Wees lojaal teenoor die personeel van ons skool.
6. Ouers mag onder geen omstandighede afbrekende taal teenoor die personeel en kleuters gebruik nie.
7. Ouers mag geensins 'n bespotting maak van personeel en kleuters nie.
8. Reg van toegang voorbehou.